

**Kleuterkerk:
9 Junie 2019
Die kroon op jou kop en die Heilige Gees in jou hart!
Handelinge 2: 1 - 21**

Deel van die sukses van Kleuterkerk is die veiligheid van roetine vir die kleintjies. Veral as die leidsters elke week wissel. Die veiligheid lê vir hul dan in die bekendheid van die roetine. Daarom hou ons elke Sondag dieselfde aankoms aktiwiteite naamlik: vryspel stasies.

Daar is drie kiste met speelgoed in naamlik klei kis, Lego's kis en legkaart kis. Die Lego kan op die mat uitgegooi word en die Klei en drukkertjies en die Legkaarte word by die tafeltjies gespeel.

Vir kleuters is hulle name ook baie belangrik. Sorg dat die skoenboks met die naamkaartjies voor by die deur is. Daar is vir elke kind naamkaartjie met hulle ouers se selfoonnommers op. Speld of knip dit vir elke kind vas soos hy of sy kom en merk ook hulle name op die register af.

Vorbereiding:

- † Afdrukke van die vlamme-kroon, soos voorsien aan die einde van die les.
- † Inkleurkryte of potlode
- † Stomppunt skêre
- † Gom of 'n krumbinder.

Uitpak & Vryspel

Sorg dat jy 20 minute voor die tyd daar is en pak die drie stasies vir vryspel uit. Sorg ook dat die skoenboks met die name en die bywoning register en pen gereed is. Laat die ouers die kind se naam op die register skryf.

Ontvang die kinders by die deur, speld hulle naamkaartjies aan en lei hulle na die stasies toe vir vryspel.

Regmaak & Draailoop

Laat die kinders die stasies waar hulle tans speel oppak, en neem die kinders wat wil, om draaitjie te gaan maak in die badkamer.

Laat die kleuters op die mat gaan sit. Jy as leidster kan op stoeltjie voor hulle gaan sit. Om seker te maak almal bly stil, laat hulle kruisbene sit met hulle handjies in hulle mandjies (in hul skote).

Die volgende roetine word voor gestel:

- ✦ Bywoningsregister
Om vir die kleuters erkenning te gee dat hulle gekom het, kan hulle plakkertjie plak op die betrokke plek op die bywoning trein. LW dis nie trein met datums op wat vir jou sal uitwys watter Sondag jy nie daar was nie. Dis doodeenvoudig net 'n trein met trokke waarop die kinders se name staan en hulle geleentheid kan kry om 'n plakker te plak in sy/haar trokkie waarop hul name aangebring is.
- ✦ Verjaarsdag gelukwensing (sing en ontvang kroon met ballon)
Indien iemand verjaar het gedurende die week of vakansie, sing almal vir hom/haar "Geluk liewe maatjie" en hy/sy ontvang verjaarsdag kroon (voorsien) en ballon(voorsien)
- ✦ Kollekte-Een van die maatjies neem die geld op in mandjie
- ✦ Hersieningsmoment
Vra die kinders uit oor wat hulle van die vorige Sondag se kleuterkerkles kan onthou.

Bidtyd: Openingsgebed

Vra een van die kinders om te open met gebed.

Geselstyd: Speletjie: *Vind jou groep.*

Kom ons kyk hoe vinnig kan julle groepe maak wat by mekaar pas met die opdrag wat gegee word. Die groepe gaan elke keer verskil en julle sal met mekaar moet praat om uit te vind of die maats by jou in jou groep moet wees. (Roep verskillende dinge uit en laat die kinders groepe vorm, hier volg paar voorbeelde):

- Maak 'n groep van seuns en dogters
- Soek almal wat se naam met die selfde letter as jou naam begin
- Soek almal wat so oud is soos jy
- Soek almal wat dieselfde kleur hare het as jy
- Soek almal wat in dieselfde maand as jy verjaar

In die speletjie kom ons agter dat met elke verskillende vraag, kan 'n nuwe groep gevorm word. As ons al die mense in die wêreld by mekaar sit, sou ons mense kon inderdeed in verskillende lande groepe, of verskillende tale groepe. Watter groepe sou mens nog kon kry.

Gee geleentheid dat kinders kan noem watter soorte groepe mens nog alles kan kry.

Wanneer mens deel is van 'n groep of 'n span, trek mense soms dieselfde aan om te wys dat hulle deel is van die span. Party sal 'n span kreet hê of iets wat hulle kan uitken van 'n ander span, veral as daar kompetisie by betrokke is.

Dis baie lekker om deel te wees van 'n span, want 'n span verstaan mekaar en het een doel wat hulle saambind.

*'n speletjie as die ruimte dit toelaat: **Krappe en krewes***

*Die groep word in twee ewe groot spanne verdeel. Die een span word die "krappe" en die ander span "krewes" genoem. Jy as leier, roep dan óf **kr-r-r-ewe** óf **kr-r-r-appe** ('n span se naam) uit, wie dan gejaag en gevang moet word deur die ander span. Die twee name "krewes" en "krappe" klink amper dieselfde omdat albei begin met "krrr-". As jy **KRAPPE** roep, moet die wat 'n "krap" is, hardloop vir 'n vale voor die "krewes" jou vang!*

Al die krappe wie gevang is, verander na krewes (en andersom), totdat al die teenstanders gevang is.

Singtyd:

(Die lieder is net voorstelle, indien iets anders meer bekend is kan dit ook gesing word.)

Hierdie lieder is slegs voorstelle. Sing gerus iets wat meer bekend is.

Hy hou die Hele Wêreld

Hy hou die hele wêreld in Sy hand, (x3)

Hy hou ons almal in Sy hand.

Hy hou vir pappa en vir mamma in Sy hand, (x3)

Hy hou ons almal in Sy hand.

Hy hou vir boetie en vir sussie in Sy hand, (x3)

Hy hou ons almal in Sy hand.

Liedboek 599

As Hy weer kom, as Hy weer kom,

kom haal Hy sy kinders

Al Sy kinders wat in Hom glo

Om by Hom te wees

Ja ons wag op die Here

En ons sing tot Sy ere

Ja Hy kom weer verseker

Om ons te kom haal

Bybeltyd:

Terwyl Jesus op aarde was, het hy 12 goeie vriende gehad, die dissipels. Hy het hulle geleer van God se liefde en die hele tyd vir hulle gesê dat Hy weer terug gaan na die Vader toe en hemel toe om vir ons te gaan plek reg maak.

Maar elke keer wat Hy dit vir hulle gesê het, het Hy ook 'n belofte gemaak dat Hy hulle nie alleen sal los nie.

Het jy al ooit alleen gevoel en nie geweet wat om te maak nie. Jesus het geweet dit sal nie vir die dissipels lekker wees om alleen te wees nie. Hy het ook geweet hulle het iemand nodig wat vir hulle sal wys en leer hom om te lewe. Daarom het Hy aan hulle belowe dat Hy die Heilige Gees sal stuur om by hulle te wees.

Nadat Jesus opgevaar het hemel toe, het die dissipels by mekaar gebly en saam gebid en mekaar ondersteun omdat hulle nog nie die Heilige Gees gehad het nie. Maar op Pinkster, toe daar 'n fees aan die gang was met baie mense by mekaar, het Jesus die Heilige Gees op die dissipels uitgestort. Dit het soos vlamme gelyk, vertel die Bybel.

Maar kom ons lees daarvan. *Lees vir die kinders voor uit **Handelinge 2:1-8 en 12.***

Toe die Heilige Gees uitgestort is, was daar baie mense by mekaar. Hulle was van verskillende lande en dorpe, en daarom het hulle verskillende tale gehad. Die Heilige Gees wat van God af kom, het op die dissipels gekom en vir hulle in elkeen van die mense wat daar was se taal laat praat. Hulle het dus nie vreemde tale gepraat of sommer net hulle eie woorde opgemaak nie. Nee, die Heilige Gees het 'n afspraak met elkeen van die mense by die Pinksterfees gehad, om van Jesus se liefde vir hulle in hulle eie taal te hoor. As jy iets in jou eie taal hoor, verstaan jy dit tog baie beter as wat jy dit in 'n ander taal hoor. Jy ken dalk Afrikaans die beste, maar verstaan ook so bietjie Engels.

Maar jy verkies Afrikaans.

Die dissipels het 'n spesiale talent/gawe gekry, deurdat die Heilige Gees hulle gehelp het om vir mense van Jesus te leer, in die taal wat die mense die beste verstaan het. Daarom het niemand meer 'n verskoning gehad dat Hy nog nooit van Jesus gehoor het nie.

Maar Jesus gee nie net die Heilige Gees vir die dissipels nie, maar vir elkeen van ons wat glo. Daar is dalk nie tonge van vuur op jou kop nie, maar as jy vir Jesus lief is en Hom genooi het om in jou hartjie te bly en jy Sy kind is, dan leer die Heilige Gees jou ook vandag nog hoe om oor Jesus te praat en te getuig. Om te getuig is om te vertel van Jesus en wat Hy vir jou doen. Die Heilige Gees is soos daardie klein stemmetjie hier in jou hart wat vir jou sê wat reg en wat verkeerd is.

Doentyd & Leertyd:

Om ons aan die uitstorting van die Heilige Gees te herinner, gaan ons vandag krone van vuur maak.

Maak jou eie vlammekroon. Kleur die vlamme op die volgende bladsy in. Knip nou versigtig die vlamme saam met die stroke uit. Die twee los stroke word op die punte van die vlamme band vas geplak of vas gekram. Meet die band om jou kop en plak of kram die laaste stroke aan mekaar vas.

Al sien ons nie die Heilige Gees soos vlamme op ons koppe nie, weet ons dat Jesus steeds die Heilige Gees ook vir ons gestuur het om in ons harte te woon. Die Heilige Gees leer vandag nog die kinders van God dat God lief is vir ons en dat ons reg moet wees wanneer Jesus kom om ons te kom haal.

Afsluitings gebed

Dankie Jesus dat U ook vir my die Heilige Gees gee om in my hart te werk. Help my om na U te luister. Amen.

Maak jou eie vlamme kroon

Kleur eers die vuur in.

Knip nou die vuur saam met die eerste strook uit, asook die 2 ander stroke om die kop band te vorm.

Plak of kram die bande aan mekaar om groot genoeg vir jou kop te wees en 'n vlamme kroon te vorm.

